# Lesing 96– 25 Junie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 118 – Woord 1 aan Daniel Grobbelaar op 25/10/19; 07H30

"Julle weet MY kinders, wanneer 'n organisasie gestig word uit die pure doel om geld na te jaag en die mensdom uit te buit deur valse beloftes, dan is dit 'n gruwel voor MY Aangesig. So is daar baie sulke organisasies en bewegings wat opgerig is in MY land, Suid-Afrika. EK het julle alreeds gewaarsku om nie te val vir hulle bedrieglikhede en strelende beloftes nie. Hierdie organisasies wat beloof om MY volk te help en te verlos, en wat deurtrek is met leuentaal en geldgierigheid, sal voor MY Aangesig verdelg word! **Niemand koop MY om met 30 sikkels silver nie!**

Skrywe aan hulle, MY kneg, en sê vir hulle: Die hoogmoedige leuentaal en valse beloftes van die trotse geldjagters is julle eie ondergang. Julle weet dat julle MY kudde mislei en julle weet julle verwerp MY waarskuwings! Julle wat beloof om te red en te verlos, **maar wat in julle harte nie eens vir MY aanvaar nie**, hoe dink julle sal die verlossing plaasvind? O julle dwases en hardkoppiges! EK en EK ALLEEN verlos en **EK sal MY volk uitred** uit hulle benoudhede. Al wat hulle hoef te doen is om hul harte vir MY te gee, in plaas van geld waarmee hulle hulle eie sakke mee vul. **MY volk sal EK opwek** en MY Wagte op MY Muur sien alles wat julle in die geheim doen. Niks kan vir MY Oë weggesteek word nie, EK SIEN ALLES! Wee julle wat MY volk mislei en **weglei vanaf MY Waarheid en Liefde!** EK IS Toornig teenoor julle! Begin gehoor te gee aan MY uitroep en waarskuwinge aan julle en kom na MY om julle 'n nuwe Lewe te gee!

MY volk, baie van julle word steeds gevang deur mensetaal wat as MY Gesproke Woord voorgedoen word. Julle word steeds mislei deur leuentaal vanaf die wêreld en julle val vir die strelende blinkende skatte wat MY teenpool julle aanbied. Die breë weg lei na die afgrond, MY kinders! Kom na MY Weg wat lei na WAARHEID!

Skryf nog MY kneg. EK, EK IS WAT EK IS, sal MY volk red en hulle lei na MY Waarheid. Hulle sal nie mense eer nie, maar net vir MY as hulle VADER en SKEPPER. Hulle sal nie jagters van geld en aardse rykdomme wees nie, maar eerder **jagters na die Skatte van MY LIEFDESBRONNE!** Hulle sal in Liefde verkeer met mekaar, sonder om soos baie van julle, altyd iets terug te verwag . **Die LIEFDE verwag niks, die LIEFDE vervul!** Tot hier MY kneg."

Openbaring 119 – Woord 2 op 25/10/19; 09H00

"Deur 'n vrolike gees wat opgewek is word alle siektes verdryf en die glimlag van 'n dankbare kind verkwik die siel. Die vreugdevolle hart leef lank en gesond, maar die hart wat die kwaad huisves gaan gebuk onder benoudhede. Die voete wat rondsoek vir dade van liefde is gesond en dapper, maar die lui voete wat nie werk nie gaan onder die vaandel van 'n dooie. Die bene wat te lank slaap in stilte gaan agteruit, maar die **bene wat hardloop om MY Naam te vereer** is sterk en geseënd! **Die ore wat gehoor gee aan Waarheid** is voorspoedig in hul funksie, maar die ore wat luister na leuentaal en spottery sal uitdoof. Die oë wat loer op egbreuk en verbastering sal met blindheid geslaan word, maar **die oë wat gevestig is op die Apartgestelde LIEFDE van MY**, sal EK nog meer laat sien in die Ligrealms van MY Wonings.

Skadelik is die man wat agteraf skinder en leuentaal uitspreek, maar wonderbaar is die hart van 'n man van integriteit. 'n Fontein wat suiwer en brak water uitstoot is nie geseënd nie, maar is vermeng met twee meesters, wat nie voor MY welbehaaglik is nie. Edel is die vrou wat opkyk na haar MAKER en ongesond is sy wanneer sy haar kleding bevuil met ongeregtigheid. Voorspoedig is die kind wat luister na wyse raad, maar 'n smartwekkende kind wat opstandig is veroorsaak teenspoed.

Die volk wat opstaan vir MY is geseënd, **maar wanneer hulle 'n ander koning soek buiten MY is hulle oeste min.** Geseënd is hulle wat die sportgode van Suid-Afrika die rug toekeer en MY volg, maar jammerlik is dit vir hulle wat verslaaf wil bly aan die genot wat lei na die dood. Edel is die adamiet wat in tye van benoudheid steeds opreg bly en goedgesind is. Die adamiet wat in tye van voorspoed MY nie vergeet nie, sal deur MY nog meer voorspoed ervaar en MY seëninge sal toeneem vir hulle wat MY altyd onthou. Hulle wat MY vergeet in die tydperk van die sewe vet koeie, sal arm wees in die tye van die sewe maer koeie. Maar hulle wat MY altyd onthou het in die goeie tye, sal voor gesorg word in die moeilike tye en hulle sal in die moeilike tye, 'n tydperk van saligheid beleef wat EK hulle sal skenk.

Daarom, vergeet MY nie en dink altyd aan MY en MY Leringe. Vertrou op MY en wees vrolik, omdat die Lig opgesluit is in **Vrolikheid van hart**. Dit verdryf alle duisternis en ook die eienskappe van duisternis wat heet, **sluimering, wantroue, wanhoop, depressie en siekte.** As julle volkome in MY glo en vertrou, dan is daar geen rede om nie VROLIK te wees nie MY volk! Wees dus vrolik in MY en gehoorsaam MY Woorde en MY Wet van Liefde. EK sal julle altyddeur help en bystaan en lei in julle besluite en weë. Gehoorsaam MY Stem wanneer EK tot julle spreek op daardie moment.

MY LIEFDE vir julle, MY kinders, is onuitblusbaar en dit is MY HELE EWIGBESTAANDE LEWE om julle LIEF te hê! EK IS SHUA!"